



## GEMEENSKAP NUUSBRIEF

JULIE 2021



## ONDERNEMINGS BEFONDS

'n Agri-onderneming wat deur 'n jong boer besit word is een van 13 mikro-ondernemings en sosiale entiteite in die Loeriesfontein-omgewing wat befondsing ontvang om hul doelwitte te bereik en om volhoubare ondernemings te bou wat die omliggende gemeenskap tot voordeel sal strek.

Windpomp Kwekery word deur Nico Lucas besit en bedryf. Nico is bekend vir sy passie en toegegydheid aan kweektonnel-landbou. Toe toelaag sal hom help om 'n waterpomp aan te skaf vir besproeiing. Hy het ook planne om kweektonnels te herstel.

"Ek wil my deel doen ter opheffing van die gemeenskap en sal graag jongmense in diens wil neem. Dit is my droom om die gemeenskap te laat saamwerk."

Nico Lucas

# GESONDHEIDSPROJEK

Die kollig is in Mei op gesondheidswessies wat mans raak geplaas.


Honderd mans van die gemeenskap van Loeriesfontein het gedurende die tweedaagse gesondheidsveldtog siftingstoetse ondergaan en behandeling ontvang.

Die gesondheidsveldtog is deur die Loeriesfontein-windkragaanleg befonds.

Op versoek van manlike lede van die gemeenskap het die Health Revival-kliniek 'n program van stapel gestuur wat spesifiek op mans gefokus het.



Liggaamskanderings, monitering van temperatuur en multifunksionele bloedsirkulasie, sowel as verskeie behandelings is aan lede van die gemeenskap gebied. Daar is van die geleentheid gebruik gemaak om mense op te voed oor die Covid-19-virussiekte en algemene gesondheid.



## BETTER LEARNING DEVICES

More Smart Boards have been donated by Khobab Wind Farm, for Loeriesfontein Primary and Loeriesfontein High schools, bringing the total to 33.

These learning devices are being used for all subjects across Grade 1 to 12.

The technology adds learning opportunities, and is being used across the country by teachers, who now view this equipment as the focal point of the class.